BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 18/2016

Lees in die jongste *Kerkbode:*

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

ASM moet besluit oor appèlle

In *Kerkbode* van 2 September is daar nuus oor die stand van sake oor die opskorting van die **besluite** oor selfdegeslagverhoudinge, 'n gesprek oor die **ekonomie** waar die hele kerk gevra word om deel te neem en oor die **narre** in die middestad van Pretoria.

Lees ook die verhaal van 'n **tiener** wat haar voet neersit oor kindermishandeling, van **motorwagte** in Bloemfontein wat deur die kerk bedien word en van **sendelinge** in Masedonië wat deur 'n vloedgolf van vlugtelinge oorval is.

As deel van die Pelgrimstog van Hoop neem *Kerkbode* sy lesers na Franschhoek en in die kunsrubriek val die fokus op 'n skildery van 'n moeder en kind wat meer van die werklikheid weerspieël as tradisionele uitbeeldings van die Madonna en kind.

Prof Julie Claassens kyk in 'n rubriek opnuut na die sogenaamde "shooter-tekste" oor homoseksualiteit.

Toerustingsondag 11 September: Toerusting is só noodsaaklik om by dissipelskap en rentmeesterskap uit te kom! Uit dié hoek gesien is lidmaattoerusting waarskynlik hoog op elke gemeente se agenda. Sondag 11 September is die fokus juis op die belangrike saak. Bybel-Media het in Julie 'n **inligtingspamflet** aan elke gemeente (en leraar) gestuur waarin die klem op verskeie bruikbare produkte (video-grepe en e-boeke) en gewone publikasies val. Dié materiaal kan alles deel vorm van toekomstige toerustingsgeleenthede in jou gemeente. Besoek weer BM se webtuiste by **www.bybelmedia.org.za** klik op *publikasies* en ook op *mema* om weer na die produkte en publikasies te kyk.

Spesiale Kollekte: Die Algemene Sinode het by twee vorige vergaderings 'n jaarlikse kollekte vir Bybel-Media goedgekeur. Moontlik is 11 September dié geleentheid om hieraan aandag te gee – soos wat talle gemeentes reeds doen.

Twee puik Bybelkor-publikasies:

Walking Together - Chris van Wyk en Nico Simpson (Die Engelse weergawe van *Loop saam* wat vroeër vanjaar verskyn het).



Developing a community of sustainable friendships

The faith-building conversations in *Walking together* were developed with cross-cultural groups in mind. This book will guide you on your journey of *walking together – with each other and across boundaries*. For when we reach out to each other across boundaries and care for one another, we learn to treat each other with respect and love. Only then the human dignity of our people will be restored. *Walking together* offers to you as a cross group:

- 8 friendship-building opportunities.
- suggestions for *spiritual practices* to develop together, such as celebration, Bible study, daily examination, hospitality, community, encouragement and caring.
- suggestions for *friendship activities* to enjoy together such as eating, talking, socialising, reading, praying, living, traveling, going to movies, going to church, watching sport and watching TV.

Walking together will help you to develop a community of sustainable friendships and to live according to the values of the Season of Human Dignity – respect, listen, love and embrace. Prys: **R60.00** (BTW en posgeld ingesluit) - Reeds beskikbaar.

Maak kontak - Chris van Wyk



20 Leidrade vir kruiskulturele kontak

In *Maak kontak* gee Chris van Wyk 20 leidrade wat gemeentes en groepe kan volg om kruiskulturele kontak te bevorder en dit op 'n verantwoorde manier aan te pak. Navorsing wat oor intergroep-kontak en die vooroordele tussen groepe gedoen is, bewys dat intergroep-kontak inderdaad vooroordele kan verminder. In hierdie soort kontak steek ons nie net die grense tussen ons oor nie; deur die nuwe vriendskapsbande wat ons met mekaar sluit, vorm ons ook 'n nuwe gemeenskap waarin ons die waardes van respekteer, luister, liefhê en omarm kan laat gedy.

Prys: **R60.00** (BTW en posgeld ingesluit) - Reeds beskikbaar.

Jeugfokus-publikasie:



Kleuterkerk 1 - Doen-boek - Marié Loubser en Elma Visagie
Vir 2-5-jariges (gebruik saam met Kleuterkerk 1 – Aanbiedersgids)
Kleuterkerk 1 Doen-boek is die ideale "kategese"-hulpmiddel vir gemeentes wat kleuterkerk-byeenkomste hou. Dit is ook 'n uitstekende boek vir ouers wat "huiskerk" met hulle voorskoolse kinders wil hou. Hierdie aktiwiteitsboek lê die inhoud van elke aanbieding by die kinders vas met 'n Bybelvers, 'n kort boodskap en 'n gebed. By die boodskap is daar ook 'n prentjie wat die kinders kan inkleur of 'n aktiwiteit om te doen. *Kleuterkerk 1 Doen-boek* is ideaal om jong kinders te leer Jesus is baie lief vir hulle. Prys: **R55.00** (BTW en posgeld ingesluit) - Reeds beskikbaar.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
Of stuur jou bestelling per e-pos na: **bestel@bmedia.co.za**
Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: **www.bybelmedia.org.za** , klik dan op winkel.